basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

| PUNTE | |
|---|---|

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2012**
**GRAAD 6 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**TOETS**

**PUNTE: 40**

**TYD: 1½ uur**

**PROVINSIE** ________________________________________________

**STREEK** ________________________________________________

**DISTRIK** ________________________________________________

**NAAM VAN SKOOL**________________________________________

**NASIONALE OBIS-NOMMER (9 syfers)**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |

**KLAS (bv. 6A)** ________________________________________________

**VAN** ________________________________________________

**NAAM** ________________________________________________

**GESLAG (✓)**

| SEUN | | DOGTER | |
|---|---|---|---|

**GEBOORTEDATUM**

| C | C | Y | Y | M | M | D | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

**Hierdie toets bestaan uit 9 bladsye, die voorblad uitgesluit.**

**Instruksies aan leerders**

1. Lees AL die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord AL die vrae in die spasies wat voorsien word.
3. Die onderwyser sal vir jou leiding gee met die praktiese oefeninge voor die toets begin.
4. Hierdie toets duur 90 minute.
5. Skryf netjies en leesbaar.

**Praktiese oefeninge**

1. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

Die regte meervoud van muis is …

A muisse.
(B) muise.
C muisies.
D muises.

Jy het die vraag reg geantwoord as jy B omkring het.

2. **Voltooi die volgende sinne:**

2.1 Die muise het die kos ______ die kombuis gesteel.
2.2 Krokodille woon _____ die water.

Jy het die vraag reg beantwoord indien jy “uit” by 2.1 en “in” by 2.2 geskryf het.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

**Lees die teks hieronder en beantwoord dan Vraag 1 tot 6.**



Eendag is 'n jong haan na sy pa se bed geroep. Seun, ek is oud en dit is tyd vir my om te sterf," het die ou haan gesê. "Nou is dit jou beurt om die son elke oggend wakker te kraai."

Die jong haan het hartseer gestaan en toekyk hoe sy pa swakker en swakker geword het en uiteindelik gesterf het. Vroeg die volgende oggend het die jong haan na die dak van die skuur gevlieg. Hy het daar gestaan, met sy gesig na die ooste. "Ek het dit nog nooit voorheen gedoen nie," het die haan gesê. "Ek sal my bes moet doen." Hy het sy kop opgelig en gekraai. 'n Flou, krapperige kwaak was die enigste geluid wat hy kon uitkry.

Die son het nie opgekom nie. Die lug was vol wolke en 'n sagte motreëntjie het die hele dag geval. Al die plaasdiere het na die haan toe gekom. "Dis 'n tragedie!" het die vark uitgeroep. "Ons het ons sonskyn nodig!" het 'n skaap geskree.

"Haan, jy moet harder kraai," het 'n bul gesê. "Die son is drie-en-negentig miljoen kilometer weg. Hoe kan jy verwag dat hy jou sal hoor?"

Douvoordag die volgende môre het die jong haan weer na die dak van die skuur gevlieg. Hy het diep asem gehaal, sy kop agteroor gegooi en GEKRAAI. Dit was die hardste kraaigeluid wat ooit deur enige haan op die aarde gekraai is.

Die diere het wakker geskrik. "Wat 'n geraas!" het die vark gekla. "My ore is seer!" het die skaap geblêr. "My kop is seer!" het die bul gebulder.

"Ek is jammer," het die haan geantwoord. "Ek het net my werk gedoen." Hy het dit baie trots gesê, want daar ver in die ooste kon hy die eerste straaltjie van die son oor die boomtoppe sien opkom.

[Verwerk uit: *Fabels van Aesopus*]

1. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

Wat is die beste titel vir hierdie storie?

A Die dood van ŉ haan.

B ŉ Jong haan leer kraai.

C ŉ Pa se laaste woorde aan sy seun.

D ŉ Plaas vol diere. (1)

2. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

Waar vind hierdie verhaal plaas?

A Langs die bed van die haan se pa

B In die agterplaas van ŉ huis

C Op die dak van ŉ skuur

D Op ŉ plaas met diere (1)

3. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

3.1 Hoekom moes die jong haan in sy pa se plek kraai?

A Die ou haan het die vorige dag gesterf.

B Die jong haan wou leer hoe om te kraai.

C Die ou haan wou nie meer kraai nie.

D Die ander diere het die jong haan gevra om te kraai. (1)

3.2 Die eerste dag toe die jong haan gekraai het, het die son nie geskyn nie. Wat het die ander diere gedink was die rede hoekom die son nie geskyn het nie?

A Hulle het gedink die haan was te jonk om die son te roep.

B Hulle het gedink dit was omdat die ou haan gesterf het.

C Hulle het gedink hy het nie hard genoeg gekraai nie.

D Die haan moes op die kerk se dak gestaan het en nie op die skuur se dak nie. (1)

4. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

4.1 Hoe weet ons dat die jong haan baie lief vir die ou haan was?

A Hy het dadelik gekom toe die ou haan hom geroep het.

B Hy was bereid om in die ou haan se plek te kraai.

C Hy was opgewonde om vir die eerste keer te kraai.

D Hy was hartseer toe sy pa dood is. (1)

4.2 Hoekom, dink jy, was die jong haan bang om die eerste oggend te kraai?

A Hy was onseker, want hy het nog nooit vantevore gekraai nie.

B Hy het gedink dat die ander diere vir hom sou lag.

C Hy het gedink hy was te jonk om te kan kraai.

D Die dak van die skuur was te ver van die grond af. (1)

4.3 Beantwoord die vraag hieronder in ’n volsin.

Toe die son nie opgekom het nie, het die diere die jong haan blameer. Wat het hulle gedink moes die jong haan gedoen het?

________________________________________________

________________________________________________ (1)

4.4 Beantwoord die volgende vraag in ’n volsin:

Hoe, dink jy, het die jong haan die eerste dag gevoel nadat hy so sleg gekraai het?

________________________________________________

________________________________________________ (1)

5. **Beantwoord die volgende vraag met ’n “Ja” of “Nee” en gee ’n rede vir jou antwoord in ’n volsin.**

Dink jy dat die jong haan ’n goeie haan vir die plaas sal wees?

Ja/Nee. Gee ’n rede vir jou antwoord in ’n volsin.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

6. **Voltooi die volgende sinne:**

6.1 Die ou haan het die jong haan na sy bed geroep, want hy was______________________________________________. (1)

6.2 Die jong haan het baie hard gekraai en dit het die skaap se ore __________________________________________________. (1)

7. **Lees die inligting hieronder.**


’n Studie is gedoen om uit te vind hoeveel skaapboere daar in Suid-Afrika is. In die Vrystaat is daar 20 skaapboere. Noordwes het 15 skaapboere. Limpopo het 25 skaapboere. KwaZulu-Natal het net 5 skaapboere en die Oos-Kaap het 30 skaapboere.

Gebruik die inligting hierbo om die grafiek op die volgende bladsy te voltooi.

7.1 Teken ’n kolom op die grafiek om die getal skaapboere in Noordwes aan te dui. (1)

7.2 Teken ’n kolom op die grafiek om die getal skaapboere in KwaZulu-Natal aan te dui. (1)

7.3 Gee 'n naam vir die X-as op die grafiek.




**X-as** ______________________________ (1)

8. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

8.1 'n Bul en 'n koei is ...

A beeste.

B beste.

C bieste.

D beester. (1)

8.2 Die haan het _______ die venster gevlieg.

A dier

B deur

C duur

D deer (1)

9. **Skryf die sinne hieronder in die ontkennende vorm oor.**

9.1 Die varke het hard gesnork.

______________________________________________ (1)

9.2 Die jong haan is êrens op die skuur se dak.

______________________________________________ (1)

10. **Voltooi die volgende sinne in jou eie woorde.**

10.1 As ek die jong haan was, sou ek ...

______________________________________________

______________________________________________ (1)

10.2 As die son een oggend nie sou opkom nie, sou ek ...

______________________________________________

______________________________________________ (1)

11. **Voltooi die sinne hieronder in jou eie woorde.**

11.1 Ek gaan al skool toe sedert ...

______________________________________________ (1)

11.2 Gedurende die naweek ...

______________________________________________ (1)

12. **Skryf die sin hieronder in die verlede tyd.**

Die son kom op, maar die wolke bedek dit.

______________________________________________ (2)

**Lees die teks oor horlosies hieronder en beantwoord Vraag 13 en 14.**

**HORLOSIES**

Horlosies meet tyd en word gebruik om die tyd van die dag aan te dui. Horlosies maak dit ook moontlik dat mense oor die korrekte tyd saamstem.

Horlosies meet korter tydjies as die natuurlike eenheid van tyd. Natuurlike eenhede van tyd is die dag, die maand en die jaar. Die son kom aan die begin van elke nuwe dag op. In die ou dae het hulle sonwysers gebruik. Die sonwysers meet die skadu's wat die son maak.

Lank gelede is kershorlosies gebruik. Om die tyd uit te vind, meet kershorlosies hoe lank dit neem vir die kerswas om te smelt. Uurglase werk net soos kershorlosies, want dit meet ook hoe lank dit neem vir iets om te gebeur. 'n Uurglas werk deur die hoeveelheid tyd te meet wat dit vir sand neem om deur 'n klein gaatjie te val in 'n glas .

Mense gebruik nou digitale horlosies. Digitale horlosies wys die syfers op 'n skerm. Die syfers wys hoe laat dit is.

In vandag se wêreld, is horlosies orals – in huise, skole, kantore en in openbare plekke. Baie mense se lewens word deur tyd beheer. Mense gaan werk toe en kom terug huis toe, die skool begin en eindig en vliegtuie vertrek en land volgens die tyd.

[Skrywer onbekend]

13. **Skryf VYF hoofgedagtes uit die teks hierbo puntsgewys neer.**
**Skryf EEN hoofgedagte uit elke paragraaf neer.**

1. ______________________________________________
2. ______________________________________________
3. ______________________________________________
4. ______________________________________________
5. ______________________________________________ (5)

14. **Voltooi die sinne hieronder deur korrekte woorde uit die teks te gebruik.**

14.1 Uurglase werk ____________ kershorlosies. (1)

14.2 Horlosies wat syfers op ’n skerm wys, word ________________ horlosies genoem. (1)

15. **Skryf ’n paragraaf van minstens 8 sinne waarin jy ’n familielid beskryf vir wie jy baie lief is. Skryf hoe hy/sy lyk, die dinge wat hy/sy geniet om te doen of die klere waarvan hy/sy hou. Maak seker dat jy die korrekte taalstruktuur, leestekens en spelling gebruik. Gebruik ten minste SES byvoeglike naamwoorde in jou beskrywing.**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (8)

**TOTAAL: 40**